Hoofkantoor:
Voortrekkerweg 65 | Posbus 22 | Malmesbury | 7299
t +27 (0)22 482 8000 | **f** +27 (0)22 482 8008

Head Office:
65 Voortrekker Road | PO Box 22 | Malmesbury | 7299
t +27 (0)22 482 8000 | **f** +27 (0)22 482 8008

www.kaapagri.co.za

Geagte Graanprodusent

Medic- en klawer vestiging in die Swartland.

Hoë produksiekostes, veranderende en onvoorspelbare klimaatstoestande, die voorkoms van onkruiddoder weerstandbiedende onkruide, sowel as 'n fluktuerende vrye mark maak dit vir produsente jaarliks al hoe moeiliker om volhoubaar koring in die Swartland te produseer. Derhalwe is dit vir u as produsent baie belangrik om hierdie produksie risiko's te identifiseer en te bestuur ten einde meer winsgewend te wees.

Gewasrotasie dra grootliks daartoe by om hierdie produksie risiko's te verlaag. Navorsing het bewys dat goed gevestigde wisselboustelsels vir die produsent 'n reeks voordele inhou. Waar koring binne 'n rotasie met gewasse soos medics verbou word, het dit normaalweg nie net verhoogde opbrengs op die daaropvolgende koringjaar tot gevolg nie, maar het die afwisseling van chemiese onkruiddoders dit vir die produsent makliker gemaak om weerstandbiedende grasonkruide te bestuur. Verlaagde onkruiddruk in koringaanplantings na medics, asook medics se stikstofbindende voordeel, lei gewoonlik tot verhoogde bruto marges vir kontantgewasse soos koring. Nie alleen bied medics en klawers voordeel in die koringjaar nie, maar is medics en klawers goeie weidings, as gevolg van die hoë proteïenwaarde daarvan. Medic– en klawerweidings bied aan die produsent 'n hoër drakrag met die gevolg dat beter produksie van kleinvee geskied.

Hier volg van die uitdagings wat produsente ervaar met die implementering van 'n gewasrotasie met medics en klawers :

Finansiële implikasies

- Hoë vestigingskoste (saadkoste, fosfaat – en kalsium regstellings)
- Verlaging in bruto inkomste vir die onderneming as gevolg van dalende oppervlaktes vir kontantgewasse. Hierdie probleem word veral gedurende die oorgangsfase ervaar.
- Die vestiging van medic– en klawerweidings gaan gewoonlik met kuddebou gepaard. Gevolglik impakteer dit op die kontantvloei van die onderneming, aangesien produsente groter getalle bemarkbare diere aanwend tot die opbou van veegetalle.
- Opbrengs op hierdie vestigingskapitaal is veral in jaar 1 laag, aangesien die optimale weidingsvermoë van die kamp nog nie bereik is nie.

Direkteure | Directors: S Walsh (Besturend | Managing) | JJ Matthee | SJ Liebenberg | S Totaram
Maatskappysekretaris | Company Secretary: RH Köstens
NCR Reg No. NCRCP 612

Kaap Agri Bedryf Beperk Reg No 1995/000336/06 Kaap Agri Bedryf Limited

Produksie implikasies

Die volgende faktore kan 'n invloed hê op die vestiging en groei van medics en klawers :

- Grondchemiese– en fisiese faktore;
- bewerkingspraktyke;
- kulitvarkeuse en saaidigthede;
- oorbeweiding en oneffektiewe onkruid– en plaagbeheer.

Bogenoemde faktore het die gebruik van medics as wisselbougewas bemoeilik. Om hierdie rede poog Kaap Agri in samewerking met Agricol, om bogenoemde faktore aan te spreek ten einde produsente behulpsaam te wees met die suksesvolle vestiging van medics en klawers.

Op versoek het Departement Landbou: Wes-Kaap die afgelope jaar, medic en klawer kultivarproewe op 3 lokaliteite gedoen. Een en twintig kultivars is geevalueer. Voormelde stel produsente in staat om meer ingeligte besluite wat kultivarkeuse betref, te neem (sien aangehegde bylaag vir kultivar resultate).

Met die nodige ondersteuning van Agricol se tegniese personeel, wil Kaap Agri u in hierdie verband behulpsaam wees met die volgende dienste:

- Die neem van grondmonsters ten einde korrekte grondchemiese regstellings te doen. Dit word in samewerking met u bemestingsverteenwoordiger of grondkundige gedoen.
- Die aanbeveling van gewas– en kulitvarkeuse, sowel as saaidigthede gegewe u spesifieke situasie soos grondchemiese en –fisiese faktore, klimaatsfaktore, topografie en bewerkingspraktyke.
- Die verskaffing van medic- en klawersaad by Kaap Agri Produkte. Sien die aangehegde bylaag vir die beskikbare kultivars.
- Die nakontrole van aanplantings deur tegniese adviseurs indien u dit sou verkies, ten einde behulpsaam te wees met die bestuur van medic vestiging.
- Die verbetering van kontantvloei deur die finansiering van saad, kalk, gips en fosfaat oor 'n 3 jaar periode vir suksesvolle applikante.

Kaap Agri is toegewyd tot die finansiële vooruitgang van sy produsente en daarom wil ons meer volhoubare produksie praktyke aanmoedig.

Kontak asb. een van die volgende persone vir navrae:

>*Tegniese ondersteuning :*

Dr. Nick Kotzé (Besturende Direkteur : Agricol) of kollegas
021 981 1126
tnkotze@agricol.co.za

Hardus van Vuuren (Landbou - adviseur : Kaap Agri)

022 931 8224 / 079 897 8354

hardus.vanvuuren@kaapagri.co.za

> *Saadbestellings :*

Johan Truter (Assistent Bedryfsbestuurder Saad : Kaap Agri)

022 482 8046 / 083 303 5328

johan.truter@kaapagri.co.za

(Lw. Om teleurstelling te voorkom, doen asb. u saadbestellings so gou moontlik)

> *Finansiële bystand :*

Kontak gerus u naaste Kaap Agri Kredietbestuurder

Kaap Agri Malmesbury 022 482 8000

Kaap Agri Porterville 022 931 8200

Bylaag

2011 Medic- & klawer kultivar proewe in die verskillende produksiegebiede.

Proewe is gedoen deur mnr. Piet Lombard (Departement Landbou, Elsenburg) in samewerking met Agricol.

Medic- & Klawer opbrengs (Kilogram droëmateriaal/ha)

	Langgewens	Darling	Pools	Gemiddeld
Scimitar polymorpha medic	2099	1470	3078	2216
Santiago polymorpha medic	1819	1137	2518	1825
Cavalier polymorpha medic	2668	1064	2833	2188
Angel littoralis medic	1040	565	2182	1263
Jester barrel medic	1892	801	1725	1473
Jaguar littoralis medic	682	372	818	624
Paraggio barrel medic	1521	622	1776	1306
Bartolo bladder clover	849	439	1439	909
Losa ondergrondse klawer	1287	1112	2496	1632
Woogenellup o/g klawer	1151	935	2121	1402
Mintaroo o/g klawer	2103	1016	2495	1871
Viper balansa klawer	196	291	942	477
Taipan balansa klawer	424	302	1296	674
Blaza crimson klawer	1659	713	2201	1524
Emena pienk serradella	1544	953	2889	1795
Santorini geel serradella	1223	603	1396	1074
Margurita pienk serradella	1066	1247	2249	1520
Erica pienk serradella	349	397	1135	627
Charano geel serradella	1939	916	2964	1940
SMM2415 SU medic	1598			
SMMZ 2438 SU medic	1652			
Lokaliteit (Gem.)	1370	787	2029	

Opbrengs /ha (Top

L.W. Grafiese voorstelling van bogenoemde tabel volg :


Langgewens
Swartland Gem.
3000
2500
2000
1500
1000
500
0
Scimitar polymorpha...
Santiago polymorpha...
Cavalier polymorpha...
Angel littoralis medic
Jester barrel medic
Jaguar littoralis medic
Paraggio barrel medic
Bartolo bladder clover
Losa ondergrondse klawer
Woogenellup o/g klawer
Mintaroo o/g klawer
Viper balansa klawer
Taipan balansa klawer
Blaza crimson klawer
Emena pienk serradella
Santorini geel serradella
Margurita pienk...
Erica pienk serradella
Charano geel serradella


Darling
Swartland Gem.
2500
2000
1500
1000
500
0
Scimitar polymorpha...
Santiago polymorpha...
Cavalier polymorpha...
Angel littoralis medic
Jester barrel medic
Jaguar littoralis medic
Paraggio barrel medic
Bartolo bladder clover
Losa ondergrondse klawer
Woogenellup o/g klawer
Mintaroo o/g klawer
Viper balansa klawer
Taipan balansa klawer
Blaza crimson klawer
Emena pienk serradella
Santorini geel serradella
Margurita pienk...
Erica pienk serradella
Charano geel serradella


Pools
Swartland Gem.
3500
3000
2500
2000
1500
1000
500
0
Scimitar polymorpha...
Santiago polymorpha...
Cavalier polymorpha...
Angel littoralis medic
Jester barrel medic
Jaguar littoralis medic
Paraggio barrel medic
Bartolo bladder clover
Losa ondergrondse...
Woogenellup o/g...
Mintaroo o/g klawer
Viper balansa klawer
Taipan balansa klawer
Blaza crimson klawer
Emena pienk serradella
Santorini geel serradella
Margurita pienk...
Erica pienk serradella
Charano geel serradella

Lys van Medic- & Klawerkultivars beskikbaar vir 2012.
(Kontak Johan Truter by Kaap Agri Produkte)

Medics

Scimitar	*Medicago polymorpha*
Cavalier	*Medicago polymorpha*
Angel	*Medicago littoralis*
Jester	*Medicago truncatula*
Parabinga	*Medicago truncatula*
Paraggio	*Medicago truncatula*

Klawer (ondergrond)

Woogenellup
Losa
Campeda

Klawer Eenjarig

Taipan Balansae
Frontier Balansae

Serradella

Emena pienk serradella
Margurita pienk serradella
Charano geel serradella
Santorini geel serradella